**BYLAE B**

**Onderwerp van graad 11-navorsingsprojek – Assesseringsprogram (2026)**

- Hierdie navorsingsprojek (600 woorde) moet in Kwartaal 2 deur alle leerders gedoen word.

**OF**

- Die navorsingsprojek kan voorgelê word vir die Wes-Kaapse opstelkompetisie vir 2026/2027. Die kompetisie word aangebied deur die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie, in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme. Belowende leerders ('n maksimum van twee per skool) mag ingeskryf word. Die opstel oor die navorsingsonderwerp mag slegs in Engels aangebied word.

**Scenario en agtergrondinligting**

In sy beleidsrede tydens die herdenking van Jeugdag in Potchefstroom op 16 Junie 2025 het Adjunkpresident Paul Mashatile Suid-Afrika se verlammende jeugwerkloosheid as 'n morele noodtoestand beskryf.

*"Dit is meer as net 'n ekonomiese vraagstuk. Dit is 'n morele noodgeval. Dit raak ons hele samelewing en verg dringende optrede van alle sektore – die regering, sakeondernemings en gemeenskappe in die algemeen,"* het Mashatile gesê.

Die Minister van Indiensneming en Arbeid, Nomakhosazana Meth, het kommer uitgespreek oor die voortdurend hoë jeugwerkloosheidsyfers, wat op 38,4% staan vir die groep tussen 25 en 34 jaar en 58,5% vir die groep tussen 15 en 24 jaar.

Vertaal uit 'n artikel in *Daily Maverick* van 16 Junie 2025 waartoe toegang op 16 Februarie 2026 verkry is, asook die Suid-Afrikaanse staatsnuutsagentskap

**Skryf van die opstel**

**Ontleed** die artikel hierbo **krities** deur die volgende take te voltooi:

**Gee 'n uiteensetting van die huidige situasie ten opsigte van jeugwerkloosheid in Suid-Afrika** deur na die jongste beskikbare statistieke te verwys.

**Verduidelik die ekonomiese implikasies** van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie, met verwysing na produktiwiteit, vaardigheidsontwikkeling, maatskaplike welsyn en langtermyn- ekonomiese groei.

**Evalueer die impak en doeltreffendheid** van Suid-Afrika se staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide, privaatsektor-inisiatiewe en die breër beleidsomgewing, wat die volgende strategieë insluit: die oorgang van onderwysinstellings na die werkplek, regulering van die arbeidsmark en ontwikkeling van digitale vaardighede. **Verduidelik hoe hierdie faktore indiensnemingsuitkomste vir jong mense beïnvloed.**

**Maak realistiese aanbevelings** aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek, met spesifieke verwysing na die bevordering van indiensneembaarheid, werkskepping en ondersteuning van volhoubare ekonomiese ontwikkeling.

**Vir vakopvoeders**
Opvoeders behoort leerders te lei om die volgende Ekonomie-inligting te gebruik wanneer hulle hul opstelle skryf:

**Graad 10**

| | | |
|---|---|---|
| Kwartaal 2 | **Onderwerp 2** | Staatsinmenging |
| Kwartaal 3 | **Onderwerp 2** | Bevolking en arbeidsmag |
| Kwartaal 4 | **Onderwerp 1** | Werkloosheid |
| | **Onderwerp 2** | Ekonomiese regstelling |

**Grade 11**

| | | |
|---|---|---|
| Kwartaal 1 | **Onderwerp 1** | Produksiefaktore: arbeid |
| | **Onderwerp 3** | Ekonomiese kringloop en kwantitatiewe elemente: ekonomiese goedere en dienste |
| | **Onderwerp 4** | Ekonomiese strukture van Suid-Afrika |
| Kwartaal 2 | **Onderwerp 1** | Dinamika van markte: verwantskap tussen markte |
| | **Onderwerp 2** | Dinamika van markte: effekte van koste en inkomste |
| Kwartaal 3 | **Onderwerp 1** | Ekonomiese groei: proses van welvaartskepping en verspreidingspatrone, ekonomiese groei |
| | **Onderwerp 2** | Ekonomiese groei en ontwikkeling: meting van ontwikkelingsvlakke |
| Kwartaal 4 | **Onderwerp 1** | Globalisering: invloed op arbeidsmarkte |

Die volgende moet in aanmerking geneem word:
- Dit is noodsaaklik dat die opstel goed nagevors en gestruktureer is.
- Die opstel moet tussen 2 200 en 2 500 woorde wees en aan die vereiste en voorgestelde uitleg voldoen.
- Daar kan na die Wes-Kaap Onderwys Departement se webwerf vir die Ekonomie-kurrikulum verwys word en na die Provinsiale Tesourie se riglyne vir die skryf van 'n goeie opstel (wenke vir die skryf van 'n goeie opstel).

Voorts moet deelnemende leerders die nasienriglyne (nasienrubriek) ontvang wanneer hulle met die opstel begin. Hierdie nasienriglyn sal vir die beoordeling van die opstelle en mondelinge aanbiedings gebruik word. Dit bevat ook gedetailleerde kriteria en prestasievlakke waaraan voldoen moet word.

**Die Wes-Kaapse opstelkompetisie vir graad 11-leerders in 2026/2027**

**LEERDER SE OPSTEL EN MONDELINGE AANBIEDING**

Die onderstaande nasienrubriek word gebruik om die leerder se finale produk te assesseer.
Dit word op grond van die volgende geassesseer:

- die navorsingsproses;
- tegniese aspekte (die raamwerk);
- die inhoud; en
- verbale kommunikasie (mondelinge aanbieding).

Puntetellings in die nasienrubriek word in numeriese waardes omgeskakel om punte vir die projek toe te ken.

**OPSTEL**

| **GRADERINGSKAAL KRITERIA** ↓ | **1 = Nie bereik nie**<br><br>**0–20%** | **2 = Gedeeltelik bereik**<br><br>**21–39%** | **3 = Bereik**<br><br>**40–59%** | **4 = Op uiters goeie vlak bereik**<br>**60–79%** | **5 = Uitsonderlike/ uitmuntende prestasie**<br>**80–100%** | **Punt toegeken (%)** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Tegniese aspekte (raamwerk)**<br><br>▫ Titelblad<br>▫ Inhoudsopgawe<br>▫ Inleiding<br>▫ Inhoud<br>▫ Aanbevelings<br>▫ Gevolgtrekkings<br>▫ Bronne<br>▫ Min. 2 200, maks. 2 500 woorde | Voldoen glad nie aan die tegniese vereistes nie.<br><br>Skriftelike aanbieding gebrekkig ten opsigte van talle aspekte.<br><br>Besonderhede ten opsigte van die meeste aspekte ontbreek. | Voldoen gedeeltelik aan sommige van die tegniese vereistes.<br><br>Daar is nie aan alle kriteria voldoen nie – nie genoeg besonderhede ten opsigte van sommige aspekte van die opstel nie. | Voldoen aan die tegniese vereistes.<br><br>Projek word netjies aangebied, met voldoende aandag aan besonderhede ten opsigte van die meeste aspekte. | Projek is aantreklik en voldoen uiters goed aan al die vereistes.<br><br>Baie goeie aandag aan besonderhede ten opsigte van alle aspekte. | Oorskry al die tegniese vereistes en het 'n uitmuntende werkstuk met stawende grafika (grafieke, prente, foto's, diagramme en tabelle) ingedien. | Punt<br><br>[ ]<br><br>/100 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Navorsingsproses**<br><br>Daar is duidelike bewyse dat 'n deeglike agtergrondstudie gedoen is en dat bestaande aspekte van die onderwerp ondersoek is deur toepaslike metodes te gebruik om navorsing te doen (bv. voer onderhoude/teken eie waarnemings op en neem foto's/raadpleeg 'n wye verskeidenheid literatuur oor die onderwerp, ens.). | Toon min of geen vaardigheid wat betref insameling van data.<br><br>Baie min (slegs een of twee) of geen bewyse van hulpbronne geraadpleeg. | Toon 'n mate van vaardigheid wat betref insameling van data.<br><br>Bewyse van slegs 'n paar hulpbronne geraadpleeg. | Toon kennis en vaardighede wat betref insameling van data.<br><br>Aanvaarbare bewyse van 'n reeks hulpbronne geraadpleeg. | Toon baie goeie kennis en vaardighede wat betref insameling van data.<br><br>Goeie bewyse van baie goeie reeks hulpbronne geraadpleeg. | Toon uitsonderlike kennis en vaardighede wat betref insameling van data.<br><br>Uitsonderlike bewyse van uiters wye reeks hulpbronne geraadpleeg. | Punt<br><br>[ ]<br><br>/100 |
| | Toon min of geen kennis en vaardigheid wat betref optekening en organisering van data, bv. tabelle en grafieke. | Toon 'n mate van kennis en vaardigheid wat betref optekening en organisering van data, bv. tabelle en grafieke. | Toon kennis en vaardigheid wat betref optekening en organisering van data, bv. tabelle en grafieke. | Toon baie goeie kennis en vaardigheid wat betref optekening en organisering van data, bv. tabelle en grafieke. | Toon uitsonderlike kennis en toon uitstekende vaardigheid wat betref optekening en organisering van data, bv. tabelle en grafieke. | Punt<br><br>[ ]<br><br>/100 |
| **Inhoud: Inleiding** | Inleiding hou geensins verband met die onderwerp nie – geen belangstelling gewek nie. | Inleiding hou tot 'n mate verband met die onderwerp – baie min belangstelling word gewek vir dit wat volg. | Inleiding van toepassing en voldoende om opstel ten opsigte van meeste aspekte in te lei – 'n mate van belangstelling gewek. | Baie goeie inleiding, voldoende wat betref lengte en dekking van alle aspekte wat aangespreek moet word – wek belangstelling vir wat gaan volg. | Inleiding verskaf alle parameters van navorsingsonderwerp op opwindende wyse – leser is nuuskierig en stel belang in dit wat gaan volg. | Punt<br><br>[ ]<br><br>/100 |
| **Inhoud: Liggaam**<br><br>Gee 'n uiteensetting van die huidige situasie rakende jeugwerkloosheid in Suid-Afrika deur na die jongste beskikbare statistieke te verwys. | Toon geen of beperkte begrip van die huidige jeugwerkloosheidsituasie in Suid-Afrika en verwys nie na die jongste beskikbare statistieke nie. | Het 'n idee van die huidige jeugwerkloosheidsituasie in Suid-Afrika en jongste beskikbare statistieke. Nie oortuig dat die scenario volkome verstaan en bevredigend ontleed is nie. | Toon 'n goeie begrip van die onderwerp. Die huidige jeugwerkloosheidsituasie in Suid-Afrika en jongste beskikbare statistieke is goed ondersoek en in sekere besonderhede bespreek. | Toon 'n baie goeie begrip van die onderwerp. Die huidige jeugwerkloosheidsituasie in Suid-Afrika en jongste beskikbare statistieke is goed verstaan en krities ondersoek. | Toon 'n uitsonderlike begrip van die onderwerp.<br>Die huidige jeugwerkloosheidsituasie in Suid-Afrika en jongste beskikbare statistieke is goed geëvalueer, uitsonderlik goed verstaan en krities ondersoek. | Punt<br><br>[ ]<br><br>x 1<br><br>[____]<br><br>/100 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Inhoud: Liggaam**<br>Verduidelik die ekonomiese implikasie van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie, met verwysing na produktiwiteit, vaardigheidsontwikkeling, maatskaplike welsyn en langtermyn- ekonomiese groei | Toon geen of beperkte begrip van die ekonomiese implikasies van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. | Het 'n idee van die ekonomiese implikasies van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. Nie oortuig dat die scenario volkome verstaan en bevredigend ontleed is nie. | Toon 'n goeie begrip van die onderwerp. Die ekonomiese implikasies van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is goed ondersoek en in sekere besonderhede bespreek. | Toon 'n baie goeie begrip van die onderwerp.<br>Die ekonomiese implikasies van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is goed ondersoek en in goeie besonderhede bespreek. | Toon 'n uitsonderlike begrip van die onderwerp.<br>Die ekonomiese implikasies van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is uitsonderlik goed verstaan en baie goed verduidelik. | Punt<br>[ ]<br>x 2<br>[____]<br>/200 |
| **Inhoud: Liggaam**<br>Evalueer die impak en doeltreffendheid van Suid-Afrika se staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide, privaatsektor-inisiatiewe, en die breër beleidsomgewing, wat insluit die oorgang van onderwysinstellings na die werkplek, regulering van die arbeidsmark en strategieë om digitale vaardighede te ontwikkel, en verduidelik hoe hierdie faktore indiensnemingsuitkomste vir jong mense beïnvloed. | Toon geen of beperkte begrip van die impak en effektiwiteit van Suid-Afrika se staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide, privaatsektor-inisiatiewe, en die breër beleidsomgewing, en hoe dit indiensnemings-uitkomste vir jong mense beïnvloed. | Het 'n <u>minimale idee</u> van hierdie aspek. Nie oortuig dat die impak en effektiwiteit van Suid-Afrika se staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide, privaatsektor-inisiatiewe, en die breër beleidsomgewing, en hoe dit indiensnemings-uitkomste vir jong mense beïnvloed, behoorlik uiteengesit en goed verstaan word nie. In wese is die bespreking in hierdie verband beperk. | Toon 'n <u>goeie</u> <u>begrip</u> van hierdie aspek. Die impak en effektiwiteit van Suid-Afrika se staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide, privaatsektor-inisiatiewe en die breër beleidsomgewing, en hoe dit indiensnemings-uitkomste vir jong mense beïnvloed, word redelik goed verken en in redelik breedvoerige besonderhede bespreek. | Toon 'n <u>baie goeie</u> <u>begrip</u> van hierdie aspek.<br>Die impak en effektiwiteit van Suid-Afrika se staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide, privaatsektor-inisiatiewe, en die breër beleidsomgewing, en hoe dit indiensnemings-uitkomste vir jong mense beïnvloed, word goed verken en in breedvoerige besonderhede bespreek. | Toon 'n <u>uitsonderlike</u> <u>begrip</u> van hierdie aspek. Duidelike bewyse dat die impak en effektiwiteit van Suid-Afrika se staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide, privaatsektor-inisiatiewe, en die breër beleidsomgewing, en hoe dit indiensnemings-uitkomste vir jong mense beïnvloed, word uitsonderlik goed verstaan en uiteengesit. Besprekings is uiters oortuigend. | Punt<br>[ ]<br>x 3<br>[____]<br>/300 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Maak **realistiese aanbevelings** aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek, met die klem op die bevordering van indiensneembaarheid, werkskepping en die bevordering van volhoubare ekonomiese ontwikkeling. | Nie instaat om realistiese aanbevelings aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor maak nie oor hoe om jeugwerkloosheid, met die klem op die bevordering van indiensneembaarheid, werkskepping en die bevordering van volhoubare ekonomiese ontwikkeling, aan te spreek. | Baie beperkte realistiese aanbevelings aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek, met die klem op die bevordering van indiensneembaarheid, werkskepping en die bevordering van volhoubare ekonomiese ontwikkeling. | Aanvaarbare realistiese voorstelle en aanbevelings aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek, met die klem op die bevordering van indiensneembaarheid, werkskepping en die bevordering van volhoubare ekonomiese ontwikkeling. | Baie goeie realistiese voorstelle en aanbevelings aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek, met die klem op die bevordering van indiensneembaarheid, werkskepping en die bevordering van volhoubare ekonomiese ontwikkeling. | Uitsonderlik goeie realistiese voorstelle en aanbevelings aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek, met die klem op die bevordering van indiensneembaarheid, werkskepping en die bevordering van volhoubare ekonomiese ontwikkeling. | Punt [ ] x 2 [____] /200 |
| **Finale gevolgtrekking** | Gevolgtrekking is akademies en ekonomies swak – hou nie verband met navorsing gedoen of inhoud nie. Geen geldige gevolgtrekkings oor die impak van jeugwerkloosheid op die Suid-Afrikaanse ekonomie nie. | Gevolgtrekking is nie bevredigend nie – ditdui nie op grondige navorsing nie. Beperkte gevolgtrekkings oor die impak van jeugwerkloosheid op die Suid-Afrikaanse ekonomie. | Goeie gevolgtrekking, maar spreek nie van goeie navorsing, bevindinge en aanbevelings oor hierdie onderwerp en die impak van jeugwerkloosheid op die Suid-Afrikaanse ekonomie nie. | Baie goeie gevolgtrekking – spreek van uiters doeltreffende wetenskaplike navorsing, bevindinge en aanbevelings oor hierdie onderwerp en die impak van jeugwerkloosheid op die Suid-Afrikaanse ekonomie. | Indrukwekkende gevolgtrekking – spreek van geldige en toepaslike navorsing, bevindinge en aanbevelings oor die onderwerp en die impak van jeugwerkloosheid op die Suid-Afrikaanse ekonomie. | Punt [ ] x 2 [____] /200 |
| **Verwysings/bronne** | Uiters min bronne op 'n onaanvaarbare, ongeorganiseerde wyse gelys. | Slegs enkele bronne, met 'n hele aantal foute wat betref die protokol vir verwysings. | Aanvaarbare lys bronne, met foute wat betref die protokol vir verwysings. | Baie goeie lys bronne, in korrekte formaat, met baie min foute wat betref die protokol vir verwysings. | Indrukwekkende lys bronne, perfek gelys in korrekte formaat volgens aanvaarde protokol vir verwysings. | Punt [____] /100 |
| **TOTAAL** (**Belangrik**: Uit 1 500 en gedeel deur 15) | | | | | | **Punt** **[____]** **/100** |

**MONDELINGE AANBIEDING** ***(verpligtend vir leerders wat aan die Wes-Kaapse opstelkompetisie vir 2026/2027 deelneem)***

| GRADERINGSKAAL KRITERIA | 1 = Nie bereik nie<br><br>0–20% | 2 = Gedeeltelik bereik<br><br>21–39% | 3 = Bereik<br><br>40–59% | 4 = Op uiters goeie vlak bereik<br>60–79% | 5 = Uitsonderlike/Uitmuntende prestasie<br>80–100% | Punt toegeken (%) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Mondelinge aanbieding**<br>Selfvertroue en intellektuele geesdrif<br><br>Kontak met gehoor | Volslae gebrek aan selfvertroue. Leerder huiwer dikwels – gedagtegang raak deurmekaar.<br><br>Slaag glad nie daarin om die gehoor se belangstelling in die aanbieding te prikkel nie. | Leerder toon 'n gebrek aan selfvertroue.<br><br>Slaag nie daarin om die gehoor se belangstelling in die aanbieding te prikkel nie. | Redelik selfversekerde aanbieding<br><br>Slaag net daarin om die gehoor se belangstelling in die aanbieding te prikkel. | Entoesiasties, selfversekerde aanbieding<br><br>Slaag daarin om goeie kontak met gehoor te behou – gehoor toon groot belangstelling in aanbieding. | Straal selfvertroue, entoesiasme en akademiese geesdrif uit.<br><br>Slaag daarin om die gehoor in die palm van hul hand te hou. | /100 |
| **Kennis en begrip van onderwerp** | Demonstreer byna algehele gebrek aan insig in die onderwerp. | Demonstreer 'n gebrek aan insig in die onderwerp. | Demonstreer 'n mate van insig in die onderwerp. | Demonstreer goeie insig in die onderwerp. | Demonstreer uitsonderlike insig in en perspektief op die onderwerp. | /100 |
| **Inhoud: Liggaam**<br><br>Begrip van die ekonomiese implikasies van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie | Toon geen of beperkte begrip van die onderwerp.<br><br>Geen verwoording van die Suid-Afrikaanse ekonomiese situasie (met spesifieke verwysing na kern-ekonomiese aanwysers) ten opsigte van die ekonomiese implikasies van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie nie | Het 'n idee van die onderwerp.<br><br>Taamlik beperkte verwoording van die Suid-Afrikaanse ekonomiese situasie (met spesifieke verwysing na kern-ekonomiese aanwysers) ten opsigte van die ekonomiese implikasies van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie | Toon 'n relatief goeie begrip van die onderwerp.<br><br>Goeie verwoording van die Suid-Afrikaanse ekonomiese situasie (met spesifieke verwysing na kern- ekonomiese aanwysers) ten opsigte van die ekonomiese implikasies van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie | Toon 'n baie goeie begrip van die onderwerp.<br><br>Bewyse van baie goeie verwoording van die Suid-Afrikaanse ekonomiese situasie (met spesifieke verwysing na kern-ekonomiese aanwysers) ten opsigte van die ekonomiese implikasies van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie | Toon uitsonderlike begrip van die onderwerp.<br><br>Skets 'n uitsonderlike prentjie van die Suid-Afrikaanse ekonomiese situasie (met spesifieke verwysing na kern-ekonomiese aanwysers) ten opsigte van die ekonomiese implikasies van jeugwerkloosheid vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Inhoud: Liggaam**<br><br>Gee 'n kort agtergrond van die huidige staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide en privaatsektor-inisiatiewe wat daarop gemik is om jeugwerkloosheid te verminder. Die volgende word in die proses uiteengesit:<br>• die ingrypings, beleide en inisiatiewe,<br>• waar dit ontstaan het, en<br>• waarom dit van ekonomiese belang is (indien enigsins). | Toon geen of beperkte begrip van hierdie aspek. | Het 'n minimale idee van hierdie aspek. Nie oortuig dat die huidige staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide en privaatsektor-inisiatiewe wat daarop gemik is om jeugwerkloosheid en die impak daarvan op ekonomiese ontwikkeling goed verstaan en behoorlik uiteengesit word nie. In wese is die bespreking in hierdie verband beperk. | Toon goeie begrip van hierdie aspek. Die huidige staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide en privaatsektor-inisiatiewe wat daarop gmik is om jeugwerkloosheid te verminder, word redelik goed verken en die implikasies daarvan vir ekonomiese ontwikkeling word redelik goed en in redelike besonderhede bespreek. | Toon baie goeie begrip van hierdie aspek. Die huidige staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide en privaatsektor-inisiatiewe wat daarop gemik is om jeugwerkloosheid te verminder, word goed verken en die implikasies daarvan vir ekonomiese ontwikkeling word in redelike besonderhede goed bespreek. | Toon uitsonderlike begrip van hierdie aspek. Die huidige staatsingrypings, arbeidsmarkbeleide en privaatsektor-inisiatiewe wat daarop gemik is om jeugwerkloosheid te verminder en die implikasies vir ekonomiese ontwikkeling word uitstekend verstaan en uiteengesit. Besprekings is uiters oortuigend. | /100 |
| **Inhoud: Liggaam**<br><br>Vergelyk en kontrasteer die volgende met mekaar: Verskillende perspektiewe van bekende ekonome oor die effektiwiteit van Suid-Afrika se beleidsomgewing, oorgang van onderwysinstellings na die werkplek, regulering van die arbeidsmark, strategieë vir die ontwikkeling van digitale vaardighede en hoe dit indiensnemingsuitkomste vir jong mense beïnvloed. | Kan nie verskillende perspektiewe van ekonome oor die effektiwiteit van Suid-Afrika se beleidsomgewing, oorgang van onderwysinstellings na die werkplek, regulering van die arbeidsmark, strategieë vir die ontwikkeling van digitale vaardighede en hoe dit indiensnemingsuitkomste vir jong mense beïnvloed, met mekaar vergelyk en kontrasteer nie. | Baie beperkte vergelyking en kontrastering van verskillende perspektiewe van ekonome oor die effektiwiteit van Suid-Afrika se beleidsomgewing, oorgang van onderwysinstellings na die werkplek, regulering van die arbeidsmark, strategieë vir die ontwikkeling van digitale vaardighede en hoe dit indiensnemingsuitkomste vir jong mense beïnvloed. | 'n Aanvaarbare vergelyking en kontrastering van verskillende perspektiewe van ekonome oor die effektiwiteit van Suid-Afrika se beleidsomgewing, oorgang van onderwysinstellings na die werkplek, regulering van die arbeidsmark, strategieë vir die ontwikkeling van digitale vaardighede en hoe dit indiensnemingsuitkomste vir jong mense beïnvloed. | 'n Baie goeie vergelyking en kontrastering van verskillende perspektiewe van ekonome oor die effektiwiteit van Suid-Afrika se beleidsomgewing, oorgang van onderwysinstellings na die werkplek, regulering van die arbeidsmark, strategieë vir die ontwikkeling van digitale vaardighede en hoe dit indiensnemingsuitkomste vir jong mense beïnvloed. | Uitsonderlik goeie vergelyking en kontrastering van verskillende perspektiewe van ekonome oor die effektiwiteit van Suid-Afrika se beleidsomgewing, oorgang van onderwysinstellings na die werkplek, regulering van die arbeidsmark, strategieë vir die ontwikkeling van digitale vaardighede en hoe dit indiensnemingsuitkomste vir jong mense beïnvloed. | /100 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Inhoud: Liggaam**<br><br>Gestel jy is 'n ekonoom: Gee vir die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor ekonomiese advies oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek. | Kan nie praktiese en ekonomies betroubare aanbevelings en voorstelle aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor maak oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek nie. Gevolgtrekking hou nie verband met navorsing gedoen of die betrokke inhoud nie. | Toon baie min kritiese denke – 'n onvermoë om praktiese en ekonomies betroubare aanbevelings en voorstelle aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor te maak oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek. Dit dui op onpraktiese, onbetroubare en ongegronde strategieë. | Toon goeie kritiese denke – 'n vermoë om praktiese en betroubare ekonomiese aanbevelings en voorstelle aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor te maak oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek. Dit dui op praktiese, betroubare en gegronde strategieë wat bedoel is om te verseker dat ekonomiese ontwikkeling nie verder gekompromitteer word nie. | Toon baie goeie kritiese denke – 'n vermoë om praktiese en betroubare ekonomiese aanbevelings en voorstelle aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor te maak oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek. Dit dui op praktiese, betroubare en gegronde strategieë wat bedoel is om te verseker dat ekonomiese ontwikkeling nie verder gekompromitteer word nie. | Toon uitsonderlike kritiese denke – 'n kreatiewe vermoë om uitmuntende praktiese en betroubare ekonomiese aanbevelings en voorstelle aan die Suid-Afrikaanse regering, skole, gemeenskappe en die privaat sektor te maak oor hoe om jeugwerkloosheid aan te spreek. Praktiese, ekonomies betroubare en gegronde strategieë word voorgehou, wat bedoel is om te verseker dat ekonomiese ontwikkeling nie verder gekompromitteer word nie. | /100 |
| **Finale gevolgtrekking** | Geen finale gevolgtrekking nie, of dit is heeltemal ongegrond | Finale gevolgtrekking is nie heeltemal gegrond nie en getuig van tekortkominge | Finale gevolgtrekking is oor die algemeen betroubaar | Baie betroubare finale gevolgtrekking | Kreatiewe, oortuigende gevolgtrekking | /100 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vermoë om rasionele argumente te formuleer en te verwoord, gebruik woordeskat wat met Ekonomie en Wiskunde verband hou** | Algehele gebrek aan vermoë om rasionele argumente te formuleer en te verwoord – gehoor nie oortuig deur aanbieding nie.<br><br>Gebruik van Ekonomie-terminologie baie swak<br><br>Baie swak demonstrasie van Wiskunde-verwante terminologie en data-ontledig, bv. tabelle, grafieke, statistieke | Gebrek aan vermoë om rasionele argumente te formuleer en te verwoord – gehoor nie oortuig deur aanbieding nie.<br><br>Gebruik van Ekonomie-terminologie ontbreek<br><br>Demonstrasie van Wiskunde-verwante terminologie en data-ontleding ontbreek, bv. tabelle, grafieke, statistieke | Demonstreer redelike vermoë om rasionele argumente te formuleer en te verwoord – gehoor nie heeltemal oortuig deur aanbieding nie.<br><br>Redelike gebruik van Ekonomie-terminologie<br><br>Redelike demonstrasie van Wiskunde-verwante terminologie en data-ontleding, bv. tabelle, grafieke, statistieke | Demonstreer goeie vermoë om rasionele argumente te formuleer en te verwoord – gehoor oortuig deur aanbieding.<br><br>Goeie gebruik van Ekonomie-terminologie<br><br>Goeie demonstrasie van Wiskunde-verwante terminologie en data-ontleding, bv. tabelle, grafieke, statistieke | Demonstreer uitsonderlike vermoë om rasionele argumente te formuleer en te verwoord – gehoor geheel en al oortuig deur aanbieding.<br><br>Uitsonderlike gebruik van Ekonomie-terminologie<br><br>Uitmuntende demonstrasie van Wiskunde-verwante terminologie en data-ontleding, bv. tabelle, grafieke, statistieke | /100 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Gebruik van media** | Nie vertroud met gebruik van media nie<br><br>Aanbieding is vol foute<br><br>Baie min moeite gedoen | 'n Redelike aantal voor die hand liggende foute wat betref die gebruik van media<br><br>Sommige foute<br><br>Kon meer moeite gedoen het. | Standaard-aanbieding<br><br>Geen voor die hand liggende foute wat die gebruik van media betref nie<br><br>Genoeg moeite met voorbereiding van aanbieding is gedoen. | Baie goeie aanbieding<br><br>Gebruik media met vertroue<br><br>Aanbieding is baie goed voorberei. | Oorspronklike, kreatiewe aanbieding – uitsonderlik goed voorgestel<br><br>Uitsonderlike moeite blyk uit die noukeurige aanbieding. | /100 |
| **Vermoë om vrae te verstaan en rasionele antwoorde op vrae te formuleer en uit te druk** | Antwoorde op vrae toon algehele gebrek aan begrip van aspekte wat ondersoek is – byna al die vrae is onbevredigend beantwoord/die meeste vrae kan nie beantwoord word nie. | Antwoorde op vrae dui op gebrekkige begrip van aspekte wat ondersoek is – die meeste vrae nie bevredigend beantwoord nie/sommige vrae kan nie beantwoord word nie. | Antwoorde op vrae dui op 'n goeie begrip van aspekte wat ondersoek is – sommige vrae nie bevredigend beantwoord nie/huiwer by sommige vrae. | Antwoorde op vrae dui op baie goeie begrip van aspekte wat ondersoek is.<br><br>Alle vrae goed beantwoord. | Antwoorde op vrae dui op uitsonderlike begrip van aspekte wat ondersoek is.<br><br>Alle vrae uitsonderlik goed beantwoord. | /100<br><br>X 2 =<br><br>/200 |
| **TOTAAL**<br>(**Belangrik**: Uit 1 000 en gedeel deur 20) | | | | | | /50 |

**FINALE PUNT**

| | | |
|---|---|---|
| **Opstel** | **/100** | |
| **Mondelinge aanbieding** | **/50** | |
| **Totaal** | **/150** | |
| **Omgeskakel na /100 (deel punt deur 1,5)** | **/100** | |

**Verklaring: Gebruik van Kunsmatige Intelligensie (KI)**

**Voeg asseblief 'n addendum met die titel, "KI-terugvoer" by die EGTHEIDSVERKLARING hieronder as deel van jou navorsingsprojek by.**

Ek, ………………………………………………………………………………………, verklaar hiermee dat die inligting wat hieronder verskaf word, waar is en dat ek eerlik op al die vrae geantwoord het.

**Navorsing en inligting (kies een opsie en verduidelik jou keuse)**

- ☐ Ek het boeke, artikels en ander tradisionele bronne gebruik om my navorsing te doen.
- ☐ Ek het KI-soekinstrumente gebruik om my te help om nuttige inligting te vind.
- ☐ Ek het KI-opsommings gebruik, maar steeds my eie gevolgtrekkings gemaak.
- ☐ Ek het inligting oor bronne wat deur KI gegenereer is, nagegaan, maar dit aangevul met my eie idees.
- ☐ Ek het slegs inligting gebruik wat deur KI gegenereer is.

**Ontwikkeling van inhoud (kies een opsie en verduidelik jou keuse)**

- ☐ Ek het alles self geskryf sonder om KI te gebruik.
- ☐ Ek het KI slegs gebruik om my spelling na te gaan of my taalgebruik te verbeter.
- ☐ Ek het KI gebruik om sommige paragrawe te skep, maar my eie idees en verklarings bygevoeg.
- ☐ Ek het KI gevra om my te help om inhoud te genereer, maar dit toe herskryf en geredigeer om dit my eie werk te maak.
- ☐ Ek het KI vir die hele projek gebruik.

**Redigering en verfyning (kies een opsie en verduidelik jou keuse)**

- ☐ Ek het self my werk geredigeer en verbeter.
- ☐ Ek het na KI-voorstelle gekyk en gekies watter veranderinge om aan te bring.
- ☐ Ek het na KI se voorstelle vir herskrywing gekyk, maar slegs dié waarmee ek saamstem, gebruik.
- ☐ Ek het KI gebruik om my met redigering te help, maar seker gemaak my eie stem en styl blyk duidelik.

**Besinning oor leer (beantwoord alle vrae)**

- ☐ Het KI jou gehelp om meer kreatief te dink, of het jy verkies om op jou eie idees staat te maak?
- ☐ Watter KI-instrumente het jy gebruik?
- ☐ Het jy KI op 'n etiese manier gebruik (byvoorbeeld, vermy plagiaat, is bedag op vooroordeel, en maak nie te veel op KI staat nie)?

**EGTHEIDSVERKLARING**

| | |
|---|---|
| **NAAM VAN SKOOL** | |
| **NAAM VAN LEERDER** | |
| **GRAAD** | |

**VERKLARING DEUR LEERDER**

| | |
|---|---|
| Hiermee verklaar ek dat dit my eie, oorspronklike werk is en dat ek alle bronne erken het. | |
| ____________________<br>HANDTEKENING VAN LEERDER | ____________<br>DATUM |

**VERKLARING DEUR OPVOEDER**

| | |
|---|---|
| Sover ek kon vasstel, is bogenoemde verklaring deur die leerder eg, en ek aanvaar dat die werk as die leerder se eie werk ingehandig is. | |
| ____________________<br>HANDTEKENING VAN OPVOEDER | ____________<br>DATUM |